


# ST. BERNARDYN VAN SIENA

20 MEI

(1380-1444)



Teen die ouderdom van sewe jaar is hy as weeskind agterlaat toe sy vader, die goewerneur van Massa Marittima in Italië, sterf (sy moeder was toe alreeds dood). 'n Tante neem hom in en maak hom groot. Toe die gevreesde pes in Siena uitbreek en die meeste werkers van La Scala, die grootste siekehuis in die stad, sterf, neem die jong Bernardyn en 'n paar vriende die plek oor en versorg die siekes. Hy sluit aan by die Franciskane en word lid van die Colombaio-klooster. Die volgende twaalf jaar was 'n tyd van intense gebed en geestelike groei soos hy voorberei is op sy groot taak as hervormer en prediker. Hy het die gawe gehad om deur sy prediking mense se harte aan te raak en hulle ontvanklik te maak vir die werking van die Heilige Gees. Hy reis deur Italië en preek voor reuse skares totdat hy in 1430 aangestel is as vikaris-generaal van die Franciskane (die sogenaamde Streng Observante) en hy begin het om dié orde te hervorm. Onder sy bekwame leierskap groei hulle ledetal van driehonderd tot meer as vierduisend. In 1442 bedank hy om sy laaste twee lewensjare weer as rondreisende prediker in diens van sy Here deur te bring.